

**Dinsdag 14 Februarie**

**Skrifgedeelte: Handeling 1:1-8**

**Fokusgedeelte: Handeling 1:6-8**

**Geroep en toegerus om die evangelie te verkondig**

Dra jy werklik die evangelie uit? Om dit te doen, moet jy die regte benadering hê. Jesus leer sy dissipels aangaande die uitbreiding van sy koninkryk. Hulle vra: Here, is dit nou die tyd dat u die koninkryk gaan oprig? Hulle dink Christus gaan op daardie oomblik sy ryk oprig. Jesus sê egter: Dit is nie vir julle om die tyd en die omstandighede te weet wat die Vader in sy mag bepaal het nie. Wanneer God finaal sy ryk sal vestig, weet net Hy. Intussen moet die evangelie uitgedra word.

Hulle vra: Gaan U nou u koninkryk oprig? – asof hulle blote toeskouers is. Verrassend antwoord Jesus: Nee, julle gaan die koninkryk uitdra met die krag van die Heilige Gees. Ek gaan my koninkryk uitbrei, maar ek gaan julle gebruik. Die kerk ontvang die opdrag én toerusing deur die Heilige Gees.

As lewende lid van die kerk ontvang jy ook die taak. Hulle vra: Gaan U die koninkryk van Israel oprig? Hy sê: Julle sal my getuies wees tot aan die uithoeke van die aarde. Die evangelie is vir die hele wêreld – nie net vir jou volk of groep of stand nie. Gods genade is groter en wyer as dit.

Verstaan jy jou roeping? Jy mag nie sê: “evangelisasie is ander se werk” nie, of “ek het nou my deel gedoen”, of “ek kan nie”. Jy kan nie self nie, maar met die Gees kan jy! Ons is verlos deur die Here Jesus en het deel aan sy heerlike ryk. Nou wil ons vertel – met ywer wil ons dié hoop aan ander bring. Die Here laat jou paaie kruis met ander. Gebruik die geleenthede.

*Sing: Psalm 67:1, 2*

*Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)*